Veediefstalverslag

Nasionale Rooivleisprodusente-organisasie (RPO)

Kongres

11 en 12 September 2018

Royal Elephant Hotel en Konferensiesentrum Pretoria

Titel: Veediefstal – 'n Globale en Suid-Afrikaanse Perspektief

Willie Clack[1]

Nasionale Voorsitter: Veediefstalvoorkomingsforum

©

Kopiereg 2018

[1] Senior Lecture: Penology: School of Criminal Justice: University of South Africa
Livestock Farmer North West Province

Inhoud

Inleiding ..... **Error! Bookmark not defined.**

Veediefstal as 'n Globale Misdaad 4

Globale Voorkoms van Veediefstal ..... **Error! Bookmark not defined.**

Die Amptelike Strukture wat aan Lewendehaweprodusente in Suid-Afrika Beskikbaar is vir die Voorkoming van Veediefstal 5

Die Omvang van Veediefstal in Suid-Afrika in 2018 7

Aantal sake aangemeld ..... **Error! Bookmark not defined.**

Aantal veediefstalsake 2017/2018 8

Deteksiekoers ..... **Error! Bookmark not defined.**

Skuldigbevindingskoers ..... **Error! Bookmark not defined.**

Vergelykende Prestasie-aanduiders ..... **Error! Bookmark not defined.**

Die Ekonomiese Impak van Veediefstal ..... **Error! Bookmark not defined.**

Afsluiting ..... **Error! Bookmark not defined.**

Verwysings ..... **Error! Bookmark not defined.**

Inleiding

Die aansienlike bydrae van landbou tot beide globale en landelike gemeenskappe geniet wye erkenning (De Haan et al., 2001:xi; Bell & Pandey, 1997; Buttel, Larson, & Gillespie, 1990; Lasley, Leistritz, Lobao, & Meyer, 1995) aangehaal deur Donnermeyer & Barclay, 2005:3; Ekuam, n.d.:4; Bunei et al., 2013:75; Bunei et al., 2016:117; Barclay, 2016:107; (Ibrahim et al., 2016:6). Landbou word dikwels geassosieer met 'n idilliese landelike omgewing waarin misdaad en ander sosiale probleme nie algemeen voorkom nie (Jones, 2012:8; Shucksmith, 2018:1, 163). Landbou is egter in werklikheid 'n maklike teiken vir misdaad, wat 'n vernietigende uitwerking op gemeenskappe sowel as op die landboubedryf in die geheel kan hê (McCall & Homel, 2017:286). Landboumisdade sluit 'n wye verskeidenheid van eiendoms- en omgewingsmisdade in (Barclay, 2016:107; McIntyre et al., 2017:158).

Gemeenskappe is geneig om op twee maniere op misdaad (veediefstal in dié geval) te reageer. Die eerste groep is individue wat 'n gevestigde belang het om die verskynsel onder die algemene bevolking se aandag te bring. Sulke mense kan geklassifiseer word as "aanspraakmakers", "morele entrepreneurs" en/of "politieke aktiviste". Die tweede groep behels mense wat die sosiale probleem bestudeer en sy karakteienskappe in terme van kollektiewe definisies beskou, eerder as om individuele standpunte en persepsies te hê. (Kappeler and Potter, 2017:I). Hierdie verslag is op die laasgenoemde benadering gebaseer en die verskynsel word uit 'n akademiese eerder as uit 'n individuele oogpunt beskou.

Brodsky (1997:265) het waargeneem dat die lewe 'n speletjie is met baie reëls, maar geen skeidsregter nie. 'n Mens leer deur waarneming om dit speel, eerder as om dit in 'n boek na te slaan. Daarom is dit seker nie verrassend dat soveel mense vuil speel nie, dat daar so min mense is wat wen nie, en dat daar soveel mense is wat verloor nie. Hierdie verslag handel met die slagoffers, daardie mense in Suid-Afrika wat van 2013 tot 2018 aan die ontvangkant van die sosiale euwel van veediefstal gestaan het. Dit gee ook 'n blik op die globale voorkoms van veediefstal, die voorkoming van veediefstal, en die omvang van die misdaad.

Lewendehaweprodusente in Suid-Afrika is in reaksie op die voorkoms van veediefstal geneig om die rol van die slagoffer in te neem met opmerking soos "dit is iets wat net in Afrika sal gebeur", "slegs barbare sal so-iets doen", "ons verlang na die goeie ou dae" en "dit is tyd dat ons ons eiendom terugvat" kan gereeld op die nuus en die sosiale media gesien word. Miskien moet lewendehaweprodusente hul houding verander. Brodsky (1997:268) wys daarop dat die mens die mees waaksaaste moet wees oorsy, want dit lê graag blaam. 'n Vinger wat op iemand gerig is, is 'n slagoffer se kenmerk – dit is die teenoorgestelde van die oorwinningsteken en 'n sinoniem vir oorgawe. Hy gee ook die advies aan mense om nie iemand anders te blameer vir hul probleme nie, nie die geskiedenis, die staat, meerderes, ras, ouers of die fases van die maan nie.

Suid-Afrika is 'n aanhanger van die mite dat die polisie daartoe in staat is om misdaad te voorkom, en daarom word alle misdade slegs aan die ondoeltreffendheid van die strafregstelsel toegeskryf. In die lig hiervan en Brodsky se waarskuwing, sal hierde verslag slegs fokus op veediefstal as 'n globale misdaad, die omvang en die ekonomiese impak van veediefstal, en die strukture wat bestaan om veediefstal in Suid-Afrika te voorkom.

Veediefstal as ‘n Globale Misdaad

In teenstelling met oortuigings en persepsies, is veediefstal nie net tot ‘n sekere kontinent, land of gebied beperk nie. Dit is ‘n globale verskynsel wat tot verskillende mates en dimensies by nasies voorkom sedert veeherders die aurochs in 7000 VC getem het. Dit is ook die eerste misdaad wat tot herstellende geregtigheid gelei het en in die Bybel genoem word (Okoli & Okpaleke, 2014:109; Niv, 2014; Morris, 2010:99).

Internasionaal word veediefstal gedefinieer as diefstal waarby lewendehawe betrokke is (Anon, 2015:20). Nasionale statistieke oor misdaad verwys na kriminele oortredings soos wat deur elke land se kriminele regstelsel gedefinieer word (Anon, 2015:8). Verskillende terminologie word in verskillende dele van die wêreld gebruik wanneer daar na veediefstal verwys word, byvoorbeeld veediefstal (Suid-Afrika), beesstrooptogte (cattle raiding) (Europese lande en Noord-Amerika), beessmokkelary (cattle rustling) (Oostelike- en Noordelike Afrika), beesdiefstal (lifting) (Indië) en beesgapse (cattle doffing) (Australië). Ondanks die internasionale klassifikasie van misdaad vir statistiese doeleindes soos voorgestel deur die Verenigde Nasies se Georganiseerde Misdaad- en Dwelmeenheid (UNODC), maak die Suid-Afrikaanse strafregstelsel nie voorsiening vir die verskillende kategorieë van die misdaad nie (Gibbons, 2015:57, 62).

Globale bewys van veediefstal

Sommige van die oorvloed van bewyse van die misdaad in al die dele van die wêreld, is die volgende:

- Beessmokkelary is aan die toeneem in verskillende Afrika-lande en die gepaardgaande aantal sterfgevalle onder die beessmokkelaars, sekuriteitsmagte en die gemeenskappe wat daardeur geraak, is besig om kommerwekkende afmetings aan te neem (Guyene, 2013:55).
- Nigerië – Veediefstal is een van die grootste sekerheidsbedreigings wat tans ‘n uitwerking in Nigerië het; dit het met verloop van tyd ernstiger geraak; hou ‘n erge bedreiging vir menselewens en –eiendom in; en belemmer ook besigheidsaktiwiteite (Bashir et al., 2018:35). Persepsies oor die erns van die misdaad wissel na gelang van wanneer en waar dit gepleeg is (Masiola & Tomei, 2015; Anon, 2017:1). Daar gaan byna nie ‘n week of ‘n maand in Nigerië verby sonder dat beessmokkelary nie aangemeld word nie (Bashir et al., 2018:34).
- Lesotho en die Oos-Kaap – Die veediefstalkrisis in Suidelike Lesotho en die voormalige Transkei-gebied (nou die Oos-Kaap) is al vir ‘n baie lang tyd buite beheer en dié gebied is Suid-Afrika se brandpuntgebied in terme van veediefstal (Kynoch & Ulicki, 2000:179; Clack, 2018; Tait & Van der Spuy, 2010:57).
- Indië – Beessmokkelary het oor die afgelope paar dekades ‘n kontroversiële kwessie in Indië geraak (Malnekoff, 2013:2). Bees rustling of “lifting” soos dit in Indië genoem word, is ‘n groeiende kopseer in Nieu-Delhi omdat welvarende Indiërs toenemend ‘n voorliefde vir vleis ontwikkel, selfs vir die vleis van koeie, wat deur die Hindoes as ‘n heilige dier beskou word.
- Madagaskar – Daar is in 2012 gerapporteer dat byna 100 beesdiewe in ‘n aanval in die suidelike gedeeltes van die Indiese Oseaan wat onder smokkelary deurloop, vermoor is (‘100 killed in Madagascar cattle rustling unrest’, 2012).
- Nieu-Seeland – 500 koeie is op ‘n plaas gesteel in ‘n ongewone misdaadvoorval (500 cows rustled from New Zealand farm in unusual crime, 2016).
- Ierland – ‘n Boer se lewensbestaan is in 2015 vernietig nadat 75 van sy beeste en 25 skape op sy plaas naby Kilbeggan gesteel is (Cusack, 2015). Stygende beesdiefstalle en lewendehawe smokkelary hou ‘n bedreiging in vir die opspoorbaarheidstelsel waarop die Ierse beesvleisbedryf gegrond is (Lally, 2015).

- Verenigde State (VSA) – Daar is in 2010 gerapporteer dat beeste gesteel word in baie van die state waar mense nog steeds ‘n lewe uit beesproduksie maak. Die situasie is besig om te versleg (Kent, 2010).
- Kambodja – Daar is in 2004 gerapporteer dat boere hul diere probeer beveilig te midde van ‘n golf van beessmokkelary wat die owerhede verbind met ‘n styging in beesvleispryse en smokkelnetwerke oor Vietnam en Thailand se grense (Hunt, 2004).
- Venezuela – Langs die uitgestrekte grens met Columbia steel, verhandel en smokkel beesdiewe beeste oor die grens, dikwels in die middel van die nag (Long, 2018).
- Kanada – Daar is in 2012 gerapporteer dat 32 verse van ‘n weiveld in Goodfare gesteel is (Anon, 2012).
- Brittanje – Veediefstal op Britse plase het oor die afgelope paar jaar toegeneem in in 2013 met 24% gestyg. Volgens syfers van die versekeringsmaatskappy, NFU Mutual, wat ongeveer driekwart van die plase in die Verenigde Koninkryk verseker, is sowat 90 000 diere in 2013 gesteel waarvan skape die meeste was, hoewel varke en beeste ook in die slag gebly het (Saner, 2014).
- Noord-Ierland – Byna 10 000 beeste is tussen 2013 en 2015 gesteel, waarvan die oorgrote meerderheid nooit weer gesien is nie. Skokkende syfers onthul die omvang van beesdiefstalle wat die boerderygemeenskap in die gesig staar (McCullough, 2015).
- Wallis – Skaap- en beessmokkelaars het 100 diere op plase in Gwynedd, Conwy, en Denbighshire in Noord-Wallis gesteel. Die polisie is daarvan oortuig dat die diefstalle deur hoogs georganiseerde misdaadbendes uitgevoer word (Hodgson, 2016).
- Texas (VSA) – In 2013 is daar gerapporteer dat diefstal van lewendehawe aan die styg is (Buchele, 2013).
- Uruquay – Lewendehaweboere het veediefstal as een van die belangrikste oorsake van die afname in skaapteling uitgesonder (Waquil et al., 2015:58).
- Costa Rica – In 2013 is daar gerapporteer dat die owerhede vier bendes ontbloot het wat hulle daarop toegespits het om beeste te steel, ‘n misdaad wat onlangs begin toeneem het. Die owerhede in Costa Rica is egter nie alleen in hul kommer oor dié praktyk nie, wat ook ‘n uitwerking op gemeenskappe aan die noorde van Mexiko tot die suide van Argentinië het.

Die Amptelike Strukture wat aan Lewendehaweprodusente in Suid-Afrika beskikbaar is om Veediefstal te Voorkom

Suid-Afrika het die beginsel van gemeenskappolisiëring in 1990 aanvaar, maar weens die politieke situasie van daardie tyd het dit nie onmiddellik gewild geraak nie. Gemeenskappolisiëring het verskeie tandekry-probleme ervaar en dit is eers teen 1997 ten volle gevestig en meestal net in stedelike gebiede, sodat Suid-Afrika se landelike gebiede nie werklik voordeel daaruit getrek het nie. Tydens die Beraad oor Landelike Veiligheid en Sekuriteit wat op 10 Oktober 1998 in Midrand aangebied is, was wyle President Mandela een van die eerstes om daarop te wys dat landelike gebiede spesiale aandag behoort te geniet. Ná die beraad is verskeie landelike veiligheid-strategieë deur die onderskeie rolspelers in landbou aanvaar.

Veediefstal in Suid-Afrika is op ander maniere hanteer as die normale gemeenskappolisiëringsforums. Alle besorgde rolspelers op die gebied van lewendehawediefstal het op 1 Desember 1995 ‘n vergadering bygewoon wat deur die destydse Minister van Veiligheid en Sekuriteit, Sydney Mufamadi, aangebied is. Die lys van deelnemers het die Minister van Justisie, wyle Dullah Omar, en die Minister van Korrektiewe Dienste, Sipho Mzimela, ingesluit (Anon, 1999a).

Die uitkoms van dié vergadering was die vestiging van die Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum (NSTPF) wat deur die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) geadministreer sou word. ‘n Nasionale Instruksie 2/1999 is daaropvolgens opgestel en deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) goedgekeur om die prosesse van veediefstalondersoeke te beskryf en die NSTPF, Provinsiale Veediefstalvoorkomingsforums en Veediefstalinligtingsentrums in die lewe te roep (Anon, 1999b:10–13).

Die huidige jaarlikse plan van die SAPD (Anon, 2018a:12) verklaar dat

> ‘n gesamentlike Landelike Veiligheidsplan geïmplementeer moet word om misdaad in die landelike gemeenskap op ‘n geïntegreerde wyse aan te spreek; landelike veiligheidsvergaderings moet met die landelike gemeenskap gefasiliteer word om bewustheid te skep en toegang te bevorder; reaksie en diens moet gelewer word; ‘n vermoë moet beskikbaar wees om op insidente in die landelike gemeenskap te reageer asook om beplanning te onderneem en gesamentlike misdaadvoorkomingsoperasies uit te voer om misdaad in die landelike gemeenskap aan te spreek, insluitende veediefstal (Sigbare Polisielede, Taktiese Reaksiespan/POP-eenheid en/of Veediefstaleenheid, in samewerking met die goedgekeurde Standaard Operasionele Prosedure); en gesamentlike misdaadvoorkomingsprogramme/projekte en operasies moet geïmplementeer word in samewerking met alle rolspelers om bydraende faktore aan te spreek wat in die algemeen ‘n invloed op misdaad het (Regering, nie-Regeringsorganisasies en die landelike gemeenskap)

Ongelukkig skep die jaarlikse program verwarring onder die gevestigde strukture wat in ingevolge Nasionale Instruksie 2/1999 ontwikkel is asook spanning in die landelike gemeenskap omdat die algemene publiek, nie-regeringsorganisasies en georganiseerde landbou onseker is oor watter roetes gevolg moet word. Die probleem is by twee geleenthede met die SAPD strukture opgeneem, naamlik tydens ‘n vergadering by die Agri SA Sentrum van Kundigheid (Anon, 2018b) en tydens ‘n vergadering met die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye (Beraad oor Plaassterftes, Moorde en Veediefstal, 2018), waar die versekering gegee is dat ‘n Nasionale Instruksie voorrang geniet bo ‘n strategiese plan. Dus dien Nasionale Instruksie 2/1999 as riglyn vir die hantering van veediefstal in landelike gebiede totdat die verwarring tussen die strukture binne die SAPD opgeklaar is. Die Nasionale Instruksie maak voorsiening vir die volgende forums (Anon, 1999b:10):

- Nasionale Veediefstalforum
- Provinsiale Veediefstalforum

Provinsiale kwessies met betrekking tot veediefstal is dié wat nie op plaaslike vlak opgelos kan word nie. Die Provinsiale Veediefstalforum is daartoe in staat om met die bestaande provinsiale landboustrukture (byvoorbeeld die Veiligheidskomitee) in gesprek te tree indien alle organisasies of betrokke partye[2] verteenwoordig word, en die probleme rondom veediefstal kan op dié manier aandag kry.

Die veediefstalinligtingsentrums (VIS) het oor tyd gevestig geraak en die Bevelvoerders van veediefstaleenhede en Voorsitters in sekere provinsies woon die provinsiale vergaderings by, soos in die geval van Noordwes en die Wes-Kaap. In die ander provinsies woon die verteenwoordigers van die VIS nie die vergadering by nie.

- Veediefstalinligtingsentrums (VIS)

Die belangrikste beginsel is as volg:

> Veediefstalinligtingsentrums moet in samewerking met die betrokke Veediefstaleenhede gevestig word op versoek van die lewendehawe-eienaars om die gemeenskap [vee-eienaars] die geleentheid te gee om ‘n positiewe bydrae te lewer tot die doeltreffende polisiëring van veediefstal (Anon, 1999b:18)

Tans is daar net in die Noordwes funksionele Veediefstalinligtingsentrums en dit is van kritiese belang dat dié stukture heringestel moet word tot voordeel van produsente.

Die forums is ‘n waardevolle instrument wat produsente toelaat om hul eie lot in die stryd teen veediefstal te bepaal. ‘n Bekende slagspreuk in Suid-Afrika is “eenheid is mag, verdeling laat jou faal”. Ons moet erkenning gee aan die feit dat geen provinsie in isolasie kan staan nie, maar dat Suid-Afrika as ‘n eenheid moet funksioneer.

Die omvang van veediefstal in Suid-Afrika in 2018

Voor die omvang van veediefstal bespreek word, moet daar kennis geneem word van die feit dat misdaadstatistieke vir die tydperk 2017/2018 nie vrygestel is nie. Vir die aantal sake in figuur 1 word daar verwys na die einde van die 2016/17 statistiese jaar vir misdade wat deur die SAPD gepubliseer is. Vir die aantal diere wat gesteel is, Deteksiekoers en so aan, is die syfers vir die 2017/18-periode beskikbaar gestel tydens ‘n werkswinkel wat deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye georganiseer is (Beraad oor Plaassterftes, Moorde en Veediefstal, 2018).

Aantal sake aangemeld

Al die lewendehawediefstalsake ingevolge die Veediefstalwet, Wet 57 van 1959 is by figuur 1 ingesluit en die syfers is nie beperk tot die tipe lewendehawe waarmee daar gehandel word in hierdie verslag nie, aangesien die lewendehawediefstalsake wat by die SAPD aangemeld word, nie spesifiseer wattter tipe lewendehawe gesteel is nie. Dit is problematies om die omvang van veediefstal alleenlik op grond van die aantal sake wat aangemeld is te bepaal, aangesien daar ander veranderlikes is wat ook in berekening gebring moet word. Meer pluimvee, donkies en perde word in sekere streke gesteel en die Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum beskryf dit ook as lewendehawe.



Figuur 1: Aantal veediefstalsake wat aangemeld is

Die neigingslyn in figuur 1 is interessant omdat ‘n duidelike patroon sedert 1995 waargeneem kan word. Daar is ‘n konstante styging vir 6 tot 7 jaar, gevolg deur ‘n afname vir 5 jaar, waarna die siklus herhaal word. Die draaipunt is 2016/2017 vanweë die toename in die aantal diere wat gesteel word, soos uitgebeeld word deur figuur 2. As dié afleiding waar is, sal daar oor die volgende paar jaar ‘n styging gesien word in die aantal sake wat aangemeld word.

Aantal veediefstalsake, 2017/2018

Die aantal veediefstalsake wat aangemeld word is nie die enigste veranderlike wat in ag geneem moet word wanneer die omvang van veediefstal bepaal word nie aangesien die modus operandi van die oortreders bepaal word deur die rede waarom hulle steel, naamlik vir oorlewing (potslagtings), uit gierigheid en of laasgenoemde meer georganiseerd is. Die aantal vee wat per saak gesteel word wissel van een tot etlike honderd en word bepaal deur die modus operandi. Die saak van Van der Vyver v S (A161/2011) [2012] ZAFSHC 121 (21 June 2012) is ‘n tipiese voorbeeld, waar die beskuldige tereg gestaan het op 57 verskillende aanklagtes wat gewissel het van 1 tot 519 beeste. Die aantal lewendehawe-eenhede wat dus gesteel is, is ‘n belangrike veranderlike wat in ag geneem moet word wanneer die omvang van veediefstal bepaal word.

Figuur 2 toon die aantal vee wat per jaar gesteel word aan. Dié syfers in figuur 1 het slegs betrekking op beeste, skape en bokke; die ander diere word na gelang van die wetlike definisie uitgesluit.



Figuur 2: Lewendehawe gesteel oor die tydperk 2013 tot 2018

Volgens figuur 2 is dit duidelik dat daar sedert 2013/14 ‘n geleidelike styging is in die aantal lewendehawe-eenhede wat gesteel , ongeag die tipe dier, sodat onaanvaarbare hoë vlakke bereik is. As ons bereken hoeveel lewendehawe-eenhede daagliks in die land gesteel word, is dit duidelik dat die situasie gruwelik is. Die syfers is as volg:

- Beeste: 178 per dag gesteel (365 dae van die jaar)
- Skape: 249 per dag gesteel (365 dae van die jaar)
- Bokke: 115 per dag gesteel (365 dae van die jaar)

Suid-Afrika verloor dus elke dag een ekonomiese boerdery-eenheid. In gevalle waar mense met ‘n beperkte aantal vee boer, word hul lewendsmiddel eenvouding vernietig.



Figuur 3: Aantal vee-eenhede wat per provinsie gesteel is , 2017/18

Figuur 3 toon die aantal vee-eenhede wat per provinsie gesteel word aan. KwaZulu-Natal en Mpumalanga staan uit in terme van beesdiefstal omdat meer as 10 000 vee daar gesteel is. Provinsies wat uitstaan vir skaapdiefstalle is die Oos-Kaap en die Vrsytaat, waar meer as 20 000 per jaar gesteel is. Die Noord-Kaap en Noordwes is die provinsies waar die meeste bokke gesteel is, met meer as 8 000 per jaar. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat geen enkele provinsie in terme van die verskillende vee oorheers nie, en dit kan toegeskryf word aan die getal mense en tipe diere wat in 'n spesifieke provinsie voorkom. Die syfers in figuur 3 is insiggewend, maar misleidend: die indruk word geskep dat die Wes-Kaap nie vatbaar is vir veediefstal nie, terwyl die dit die provinsie was wat die algehele grootste toename in veediefstal (60%) in 2017/18 gehad het. Sien figuur 4.



Figuur 4: Toename of afname in veediefstal per provinsie

Uit figuur 4 is dit duidelik dat die Wes-Kaap en Noordwes die provinsies is waar die aantal diere wat gesteel is die meeste gestyg het. Dit is weer eens misleidend. Die Wes-Kaap is die enigste

provinsie in die land met ‘n ongekende styging in die getalle van alle diere. Beesdiefstalle het met 196% gestyg, skaapdiefstalle met 49,8% en bokdiefstalle met 67%. In Noordwes was daar ‘n ongekende toename in die aantal bokke wat gesteel is, en dit het bygedra tot ‘n styging van 1296%. In Noordwes verwys die toename slegs na bokke. Mpumalanga het ‘n 30.2% styging in die aantal beeste wat gesteel is gehad. Die hoofbydraer tot veediefstal in die Noord-Kaap was die 27% toename in die aantal skape wat gesteel is. Die provinsies met noemenswaardige afnames was die Vrystaat en Gauteng.

Deteksiekoers

Die deteksiekoers meet die SAPD se vermoë om misdade tydens ondersoeke op te los (Budhram and Geldenhuys, 2017:9)Budhram en Geldenhuys (2017:7) beweer die deteksiekoers verteenwoordig ‘n verlore stryd weens die metodologie wat die SAPD toepas. Die deteksiekoers gee ‘n aanduiding van suksesvolle ondersoeke in terme van die SAPD se aktiewe ondersoekende werklading wat bestaan uit nuwe misdade wat by die SAPD aangemeld word en ouer sake wat nog nie afgehandel is nie en van vorige finansiële jare oorgedra word.. Volgens die SAPD behels ‘n suksesvolle ondersoek die volgende:

- Die positiewe identifikasie, arres en aankla van ‘n oortreder
- ondersoeke wat die klaer terugtrek voor die oortreder aangekla is
- ondersoeke wat gesluit word omdat dit ongegrond is (Anon, 2018a:80).

Die rasionaal om ongegronde sake en sake wat uit die hof onttrek word by die deteksiekoers in te sluit, is onduidelik (Budhram & Geldenhuys, 2017:9), en vir die doel van hierdie verslag word dit nie verder bespreek nie.

Die bepaling van ‘n nuwe deteksiekoers vir eiendomsverwante misdade is ‘n nuwe prestasie-aanduider in die SAPD se Jaarlikse Prestasieplan(Anon, 2018a:45). Alvorens die deteksiekoers van veediefstal in die land en provinsies van naderby bekyk word, moet daarop gewys word dat veediefstal ‘n eiendomsmisdaad is. Voglens die Jaarlikse Prestasieplan is ernstige misdade soos moord, verkragting en rooftogte se deteksiekoers 65% en meer, terwyl eiendomsmisdade ‘n baie laer deteksiekoers van 14% in 2018 het en tot 14,54% in 2022 styg. Vir veediefstal as ‘n eiendomsmisdaad word die mikpunt baie hoër gestel teen 27,7% vir 2018 (Beraad oor Plaassterftes, Moorde en Veediefstal, 2018).



Figure 5: Deteksiekoers per provinsie, 2017/2018

Die kurwe in figuur 5 is die nasionale prestasie-aanduider vir die opspoor van veediefstal, met die Noord-Kaap, Wes-Kaap en KwaZulu-Natal ver voor en Gauteng en die Vrystaat in die laaste posisie.

Skuldigbevindingskoers

Verskeie skuldigbevindingsmikpunte word hand aan hand met die deteksiekoerse in die SAPD se Jaarlikse Prestasieplan uiteengesit. Dit verskil ook na gelang van die misdaadkategorie; in die geval van eiendomsmisdade is die mikpunt 88% in 2018, met 'n styging tot 89,3% in 2022. Vir veediefstal is die mikpunt veel laer as die nasionale mikpunt van 80,89% wat vir eiendomsmisdade gestel word.



Figure 6: Skuldigbevindingskoers, 2017/2018

Die kurwe in figuur 6 verteenwoordig die huidige barometer van 80,89% vir veediefstal. Daar is verskillende provinsies wat bokant die teiken is, met die Wes-Kaap, Mpumalangs en die Oos-Kaap bo die gemiddeld en slegs die Wes-Kaap ver bokant die nasionale drumpel. Gauteng is ver onderkant die res.

Vergelykende prestasie-aanduiders

Table 1: Vergelykende prestasie-aanduiders:

	Western Cape	Northern Cape	Free State	Eastern Cape	Kwazulu Natal	Mpumalanga	Gauteng	North West	Limpopo
Recovery rate Cattle	11,13%	32,71%	32,50%	26,90%	43,86%	26,72%	31,73%	26,11%	22,70%
Recovery rate Sheep	19,35%	25,37%	22,56%	15,03%	32,50%	16,74%	17,51%	19,48%	17,63%
Recovery Rate Goats	18,76%	67,61%	15,37%	19,80%	31,53%	13,47%	16,57%	20,60%	15,87%
	16,41%	41,90%	23,48%	20,58%	35,96%	18,98%	21,94%	22,06%	18,74%
Increase/Decrease Catlle Stolen	196,92%	37,84%	-14,13%	14,83%	6,18%	30,13%	1,30%	-1,29%	23,18%
Increase/Decrease Sheep Stolen	49,36%	27,02%	-0,78%	-5,10%	-12,12%	14,57%	-28,42%	16,70%	2,24%
Increase Decrease Goats Stolen	67,71%	-3,96%	-28,07%	15,64%	-7,16%	-8,54%	-32,09%	1259,64%	-15,58%
Increase/A=Decres All Livestock	104,66%	20,30%	-14,33%	8,45%	-4,37%	12,05%	-19,74%	425,01%	3,28%
Detection Rate	42,52%	45,63%	22,01%	24,61%	31,73%	25,85%	22,04%	25,07%	27,17%
Conviction rate	94,95%	82,08%	80,58%	86,63%	75,37%	87,75%	67,64%	81,93%	74,92%
	68,74%	63,86%	51,30%	55,62%	53,55%	56,80%	44,84%	53,50%	51,05%

Tabel 1 wys die veranderlikes wat gebruik kan word om die sukses of mislukking van provinsiale veediefstaleenhede te bepaal. Daar word voorgestel dat die Provinsiale Veediefstal-Forums hulself vergewis van die inligting en poog om nuwe teikens daar te stel vir elke jaar. Tabel 1 toon ook aan dat daar 'n afname in alle kategorieë van veediefstal in twee provinsies was, naamlik die Vrystaat en Gauteng. Hoewel daar nie navorsing oor die saak gedoen is nie, kan dit toegeskryf word aan die goeie werksverhoudinge wat tussen die rolspelers in die twee provinsies bestaan. 'n Interprovinsiale Veediefstalvoorkomingsforum maak 'n beduidende verskil.

Die Ekonomiese Impak van Veediefstal

In Tabel 2 word die aantale diere wat gesteel, teruggevind en verlore is gekwantifiseer in monetêre terme om die ekonomiese impak van veediefstal op die landbougemeenskap te omskryf. Die monetêre waardes in Tabel 2 is verkry deur die syfers in Tabel 3 bymekaarte tel en so is die totale waardes van alle vee gesteel bepaal.

Tabel 2: Waardes van alle lewendehawe wat gesteel en teruggevind is en die gevolglike finansiële verlies

	2013/2014	2014/2015	2015/2016	2016/2017	2017/2018
Gesteel	R 788 536 200	R 819 045 200	R 877 381 700	R 1 058 806 200	R 1 222 352 592
Teruggevind	R 277 475 800	R 301 452 200	R 309 211 200	R 324 285 400	R 344 104 296
Verlies	R 511 060 400	R 517 593 000	R 568 170 500	R 734 520 800	R 878 248 296

Tabel 2 behoort as waarksuwing te dien, aangesien die waarde van gesteelde vee oor die afgelope 5 jaar met R500 miljoen toegeneem het.

Tabel 3 verskaf 'n uiteensetting van die monetêre waarde van die verskillende tipes vee wat gesteel is. Uiteraard is die grootste verliese verbonde aan beeste, hoofsaaklik vanweë hul hoë waarde, terwyl skape getallegewys meer vatbaar is vir diefstal, hoewel dit in finansiele terme 'n kleiner verlies verteenwoordig.

Tabel 3: Waarde van lewendehawe gesteel en teruggevind, en die gevolglike finansiële verlies per tipe dier

		2013/2014	2014/2015	2015/2016	2016/2017	2017/2018
Beeste	Gesteel	R 598 017 000	R 610 467 000	R 653 148 000	R 796 328 000	R 925 348 840
	Teruggevind	R 231 735 000	R 247 632 000	R 251 676 000	R 263 965 000	R 285 627 940
	Verlies	R 366 282 000	R 362 835 000	R 401 472 000	R 532 363 000	R 639 720 900
Skape	Gesteel	R 127 540 800	R 143 541 200	R 153 183 700	R 180 086 000	R 196 116 020
	Teruggevind	R 26 660 800	R 35 523 200	R 38 243 200	R 36 006 000	R 37 422 180
	Verlies	R 100 880 000	R 108 018 000	R 114 940 500	R 144 080 000	R 158 693 840
Bokke	Gesteel	R 62 978 400	R 65 037 000	R 71 050 000	R 82 392 200	R 100 887 732
	Teruggevind	R 19 080 000	R 18 297 000	R 19 292 000	R 24 314 400	R 21 054 176
	Verlies	R 43 898 400	R 46 740 000	R 51 758 000	R 58 077 800	R 79 833 556

Gevolgtrekking

Landbou is 'n uiters belangrike ekonomiese bydraer tot die sosiale welsyn van Suid-Afrika. Veediefstal is nie net 'n probleem wat uniek aan Afrika is nie, maar dit is 'n globale probleem.

Produsente moet hul eie lot bepaal as dit by veediefstal kom, aangesien dit ‘n baie groot mite is dat die polisie daartoe in staat is om misdaad te voorkom. Daarom is dit belangrik dat die nodige veediefstalvoorkomingsforums in plek geplaas word en oordeelkundig aangewend word om die landoubsektor in die algemeen en rooivleisprodusente in besonder te beskerm.

Die verskynsel van veediefstal kan nie veralgemeen word nie omdat die omvang daarvan tussen provinsies en streke verskil. Dit bly egter steeds die rol en verantwoordelikheid van die Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum om die algemene publiek in te lig van sy pogings om die euwel van veediefstal te beperk.

Verwysings

‘100 killed in Madagascar cattle rustling unrest.’ (2012) *The Telegraph*. [Online] 3rd September. [Accessed on 27th May 2018] https://www.telegraph.co.uk/news/worldnews/africaandindianocean/madagascar/9518399/100-killed-in-Madagascar-cattle-rustling-unrest.html.

‘*500 cows rustled from New Zealand farm in unusual crime* (2016) The National. [Online] [Accessed on 27th May 2018] https://www.thenational.ae/world/asia/500-cows-rustled-from-new-zealand-farm-in-unusual-crime-1.145318.

Anon (1999a) *Minutes of Meeting to Address the the rise in Stock Theft*. South African Police Service.

Anon (1999b) ‘National Instruction 2/1999 Stock Theft.’ South African Police Service.

Anon (2012) *Alberta Cattle Rustling: 32 Heifers Stolen From Pasture In Goodfare*. The Huffington Post. [Online] [Accessed on 27th May 2018] https://www.huffingtonpost.ca/2012/10/31/beaverlodge-cattle-rustling_n_2051073.html.

Anon (2015) ‘International Classification of Crime for Statistical Purposes (iccs).’ United Nations Organised Crime and Drug Unit.

Anon (2017) ‘Cattle Rustling and Insecurity in Africa: A Comparative Perspective.’ The International Security Sector Advisory Team.

Anon (2018a) *Annual Performance Plan 2018/2019 South African Police Service*. Pretoria: South African Police Service.

Anon (2018b) ‘Meeting Agrisa Centre for Excellens: Rural Safety.’

Barclay, E. (2016) ‘Farm victimisation.’ *The Routledge international handbook of rural criminology* p. 107.

Bashir, A. M., Yusof, R. B. and Azlizan, T. (2018) ‘Cattle Rustling and Insecurity in Rural Communities of Kaduna State, Nigeria: An Empirical Study.’ *ASIAN JOURNAL OF MULTIDISCIPLINARY STUDIES*, 6(5).

Brodsky, J. (1997) *On Grief and Reason: Essays*. Farrar, Straus and Giroux.

Buchele, M. (2013) ‘Cattle Theft on The Rise in Texas, Despite Tougher Penalties.’ StateImpact Texas. [Online] [Accessed on 2nd April 2018] https://stateimpact.npr.org/texas/2013/08/20/cattle-theft-on-the-rise-in-texas-despite-tougher-penalties/.

Budhram, T. and Geldenhuys, N. (2017) ‘A losing battle? Assessing the detection rate of commercial crime.’ *SA Crime Quarterly*, (61) September, pp. 7–18.

Bunei, E. K., Auya, S. and Rono, J. K. (2016) ‘‘Agricultural crime in Africa: Trends and perspectives.’ *In* Donnermeyer, J. F. (ed.) *The Routtledge International Handbook of Rural Criminology*. New York: Routledge, pp. 117–127.

Bunei, E. K., Rono, J. K. and Chessa, S. R. (2013) ‘Factors influencing farm crime in Kenya: Opinions and experiences of farmers.’

Clack, W. (2018) ‘The Importance of Establishing Livestock Theft Informaiton Centres.’ South African Police Training. Pretoria.

Cusack, J. (2015) *Farmers are being ‘wiped out’ by cattle rustling gang - Independent.ie*. Irish News. [Online] [Accessed on 2nd June 2018] https://www.independent.ie/irish-news/farmers-are-being-wiped-out-by-cattle-rustling-gang-31335111.html.

Donnermeyer, J. F. and Barclay, E. (2005) ‘The policing of farm crime1.’ *Police Practice and Research*, 6(1) pp. 3–17.

Ekuam, D. E. (n.d.) ‘Livestock Identification, Traceability and Tracking’ p. 101.

Gibbons, J. (ed.) (2015) ‘UNODC, International Classification of Crime for Statistical Purposes, Version 1.0.’ United Nations Office on Drugs and Crime.

Guyene, A. B. (2013) ‘Organised Crime in the Gambia, Guinea-Bissau and Senegal.’ *In* Alemika, E. O. (ed.) *The Impact of Organised Crime on Governance in West Africa*. Abuja: Friedrich-Ebert-Stiftung, Regional Office Abuja, p. 102.

de Haan, C., van Veen, T. S., Brandenburg, B., Gauthier, J., Le Call, F., Mearns, R. and Simeon, M. (2001) *Livestock Development: Implications for Rural Poverty, the Environment, and Global Food Security*. World Bank Publications.

Harris, G. (2013) ‘Cow Thefts on the Rise in India.’ *The New York Times*. Asia Pacific. [Online] 26th May. [Accessed on 27th May 2018] https://www.nytimes.com/2013/05/27/world/asia/cow-thefts-on-the-rise-in-india.html.

Hodgson, S. (2016) ‘Sheep and cattle rustlers steal 100 animals from farms in Gwynedd, Conwy, and Denbighshire.’ *Daily Post*. [Online] 18th November. [Accessed on 27th May 2018] https://www.dailypost.co.uk/news/sheep-cattle-rustlers-steal-100-12195023.

Hunt, L. (2004) ‘Cattle rustlers herd up the price of meat.’ *Phnom Penh Post*. [Online] 16th July. [Accessed on 27th May 2018] https://www.phnompenhpost.com/national/cattle-rustlers-herd-price-meat.

Ibrahim, S. S., Ibrahim, A., Allah, A. N. and Saulawa, L. A. (2016) ‘Building of a community cattle ranch and radio frequency identification (RFID) technology as alternative methods of curtailing cattle rustling in Katsina State.’ *Pastoralism*, 6(1) p. 10.

Jones, J. (2012) ‘Looking beyond the “rural idyll”: some recent trends in rural crime.’ *Criminal Justice Matters*, 89(1) pp. 8–9.

Kappeler, V. E. and Potter, G. W. (2017) *The Mythology of Crime and Criminal Justice: Fifth Edition*. Waveland Press.

Kent, J. (2010) *Cattle Rustling on the Rise in the American West*. VOA. [Online] [Accessed on 27th May 2018] https://www.voanews.com/a/cattle-rustling-on-the-rise-in-the-american-west-92332719/161868.html.

Kynoch, G. and Ulicki, T. (2000) ‘“It Is Like the Time of Lifaqane”: The Impact of Stock Theft and Violence in Southern Lesotho.’ *Journal of Contemporary African Studies*, 18(2) pp. 179–206.

Lally, C. (2015) *Rise in cattle theft a threat to food traceability system - IFA*. The Irish Times. [Online] [Accessed on 27th May 2018] https://www.irishtimes.com/news/crime-and-law/rise-in-cattle-theft-a-threat-to-food-traceability-system-ifa-1.2434894.

Long, G. (2018) *Smuggled cattle and petrol join exodus from Venezuela*. Financial Times. [Online] [Accessed on 27th May 2018] https://www.ft.com/content/90916fbc-f1a9-11e7-b220-857e26d1aca4.

Malnekoff, E. (2013) *Cattle Smuggling from India to Bangladesh*. Western MIchigan University.

Masiola, R. and Tomei, R. (2015) ‘A Global Crime and World Hunger.’ *In Law, Language and Translation*. Springer, pp. 35–46.

McCall, M. and Homel, P. (2017) *Preventing crime on Australian farms : issues, current inititatives and future directions*. Australian Institute of Criminology. [Online] [Accessed on 19th August 2018] https://aic.gov.au/publications/tandi/tandi268.

McCullough, C. (2015) ‘Rustling crimewave sees 10,000 cattle stolen in three years.’ *BelfastTelegraph.co.uk*. [Online] 12th November. [Accessed on 27th May 2018] https://www.belfasttelegraph.co.uk/news/northern-ireland/rustling-crimewave-sees-10000-cattle-stolen-in-three-years-34180837.html.

McIntyre, R. N., Prine, R. K. and Knowles, F. (2017) ‘An Exploratory Assessment of Agricultural Crimes in Georgia.’ *International Journal of Rural Criminology*, 3(2) pp. 157–175.

Morris, I. (2010) *Why the West rules – for now: The patterns of history, and what they reveal about the future.* New York: Farrar Straus Giroux.

Niv, M. B. (2014) ‘Regulating Theft-Lessons from Biblical Law.’ *Rutgers JL & Religion*, 16 p. 71.

Okoli, A. C. and Okpaleke, F. N. (2014) ‘Cattle rustling and the dialectics of security in northern Nigeria.’ *International Journal of Liberal Arts and Social Science*, 2(1) pp. 109–117.

Parkinson, C. (2013) ‘Cattle Rustling Menaces Rural LatAm Communities.’ InSight Crime. 26th September. [Online] [Accessed on 2nd June 2018] https://www.insightcrime.org/news/analysis/cattle-rustling-afflicting-rural-latam-communities/.

Saner, E. (2014) ‘Raiders of the night: how farmers are being targeted by livestock thieves.’ *The Guardian*. Environment. [Online] 26th September. [Accessed on 27th May 2018]

http://www.theguardian.com/environment/2014/sep/26/raiders-of-night-farmers-livestock-thieves-rustling.

Shucksmith, M. (2018) ‘Re-imagining the rural: From rural idyll to Good Countryside.’ *Journal of Rural Studies*, 59, April, pp. 163–172.

‘Summit on Farm Killings, Murders and Stock Theft’ (2018). Manhattan Hotel Pretoria.

Tait, S. and Spuy, E. V. der (2010) *Cooperation and Accountability in the Cross-border Policing of Southern Africa*. African Minds.

Waquil, P. D., NESKE, M., RIBEIRO, C., SCHLICK, F., ANDREATTA, T., PERLEBERG, C., BORBA, M., TRINDADE, J., CARRIQUIRY, R. and MALAQUIN, I. (2015) ‘Vulnerability of family livestock farming on the Livramento-Rivera border of Brazil and Uruguay: comparative analysis.’ *Embrapa Pecuária Sul-Artigo em periódico indexado (ALICE)*.